

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan.
-
-

WYSIGINGSWETSONTWERP

Om die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1966, te wysig; om “Law” in die Engelse teks deur “Act” te vervang; om voorsiening te maak vir wysigings in die woordomsrywings; om voorsiening te maak vir 'n nuwe vorm van samestelling van die Raad; om die werksaamhede van die Raad te heromskryf; om voorsiening te maak vir die aanstelling en verantwoordelikhede van 'n bestuurskomitee om die Raad te dien; om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n hoof uitvoerende beampte van die Raad; om kennis te neem van die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, om bepalings wat die Raad verplig om 'n grondwet te hê te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

NADEMAAL die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad op 7 Augustus 1996 in werking getree het;

EN NADEMAAL die oogmerke met die instelling van die Raad nou in groot mate bereik is;

EN NADEMAAL die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, die georganiseerde besigheid, georganiseerde arbeid en burgerlike samelewing in die Wes-Kaap aan die einde van die Groei- en Ontwikkelingsberaad op 14 November 2003 'n Raamwerk-ooreenkoms oor Groei en Ontwikkeling in die Wes-Kaap onderteken het;

EN AANGESIEN die Provinsiale Ontwikkelingsraad die platform vir sosiale same-spreking in die Wes-Kaap sal wees;

EN NADEMAAL die Raamwerk-ooreenkoms die grondslag vorm vir die herinskakeling van die verband tussen die vier ondertekenaars by mekaar;

EN NADEMAAL die herinskakeling hierbo vermeld vereis dat die Wet gewysig moet word;

DERHALWE WORD DAAR NOU VERORDEN deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:

Vervanging van “Law” in die Engelse teks van Wet 5 van 1996

1. Die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1996 (hierna die “Hoofwet” genoem) word in die Engelse teks gewysig deur die woord “Law”, oral waar dit voorkom, deur die woord “Act” te vervang.

5 Vervanging van artikel 1 van Wet 5 van 1996

2. Artikel 1 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Woordomskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- 10 “Beraad” die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsberaad van November 2003, wat uitgeloop het op die Raamwerkooreenkoms wat deur die sosiale vennote onderteken is;
- “bestuurskomitee” die bestuurskomitee ingevolge artikel 6 aangestel;
- 15 [“boekjaar” die tydperk wat strek vanaf 1 April in ’n jaar tot 31 Maart in die daaropvolgende jaar;”]
- “burgerlike samelewing” enige gemeenskapsorganisasie of ander organisasie wat ’n nie-regeringsorganisasie is en op provinsiale grondslag georganiseer is;
- 20 [“Direkteur-generaal” die Direkteur-generaal: Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap;]
- “geïntegreerde ontwikkeling[sraamwerk” ’n plan waarin ekonomiese, ruimtelike, vervoer-, institusionele, administratiewe, fiskale, omgewing- en ander strategieë geïntegreer word om na die optimale toewysing van skaars hulpbronne in ’n bepaalde geografiese gebied te streef]
- 25 ’n deelnemende proses om ekonomiese, sektorale, ruimtelike, maatskaplike, institusionele; fiskale en omgewing- en ander strategieë te integreer om die optimale toewysing van skaars hulpbronne tussen verskillende sektore en geografiese gebiede, en oor die bevolking heen, te ondersteun op ’n manier wat volhoubare groei en regverdigheid steun;
- 30 “georganiseerde arbeid“ arbeid soos verteenwoordig deur vakbondfederasies of vakbonde;
- “georganiseerde besigheid” besigheid soos verteenwoordig deur besigheidsverenigings op ’n provinsiale basis georganiseer;
- 35 [“georganiseerde landbou” landbou soos verteenwoordig deur boeren en plaaswerker-organisasies;
- “Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993);
- “grondwet” die grondwet van die Provinsiale Ontwikkelingsraad;
- 40 “hierdie Wet” ook enige regulasie en proklamasie ingevolge hierdie Wet;
- “HOP” die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram wat aanvaar is as beleid deur die Regering van Nasionale Eenheid soos in hooftrekke beskrywe in die Witskrif op die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van 1994;]
- 45 “hoof uitvoerende beampte” die hoof uitvoerende beampte ingevolge artikel 7 aangestel;
- “munisipaliteit” enige munisipaliteit ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), ingestel;
- 50 [“ontwikkelingsbeplanning” ’n deelnemende proses om ekonomiese, sektorale, ruimtelike, sosiale, institusionele, fiskale, omgewing- en ander strategieë te integreer om die optimale toewysing van skaars hulpbronne tussen verskillende sektore en geografiese gebiede, en oor die bevolking heen, te ondersteun, op ’n manier wat volhoubare groei en regverdigheid bevorder, met die klem op die instaatstelling van arm en gemarginaliseerde gemeenskappe en vroue;
- 55 “organisasies van omgewingsbelang” organisasies wat omgewingsbelange op ’n provinsiale basis verteenwoordig;

- “organisasies van ontwikkelings- en gemeenskapsbelang” organisasies wat ontwikkelings- en gemeenskapsbelange op ’n provinsiale basis verteenwoordig;
- 5 “plaaslike ontwikkelingsforum” ’n HOP Forum of enige ander ontwikkelingsforum, tot stand gebring vir die gebied of gedeelte van die gebied van ’n plaaslike owerheid, en welke forum erken word soos voorgeskryf;
- 10 “plaaslike owerheid” enige metropolitaanse oorgangsraad, metropolitaanse oorgangsubstruktuur, plaaslike oorgangsraad, landelike of verteenwoordigende oorgangsraad en distriksraad soos ingestel ingevolge die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993);]
- 15 “Premier” die Premier van die provinsie Wes-Kaap [handelende in ooreenstemming met die Grondwet];
- “Provinsiale Ontwikkelingsraad” die Provinsiale Ontwikkelingsraad by artikel 2 ingestel;
- “Provinsie” die provinsie Wes-Kaap;
- “Raamwerkooreenkoms” die ooreenkoms deur die sosiale vennote aangegaan as gevolg van die Beraad;
- 20 “regering” regering soos saamgestel ingevolge artikel 40(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);
- [“rekenpligtige beampte” ’n persoon in artikels 16 en 17 van die Wes-Kaapse Skatkiswet, 1994 (Wet 4 van 1994) bedoel;]
- 25 “sosiale vennote” enige gemeenskaps- of ander organisasie wat ’n nie-regeringsorganisasie, op provinsiale basis georganiseer, is;
- “staatsorgane” organe van die staat soos in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, omskryf; en
- 30 [“statutêre liggaam” ’n plaaslike regering, raad, fonds, instelling, maatskappy, korporasie of ander organisasie wat gestig of saamgestel is by of kragtens ’n wet ingevolge waarvan finansiering uit ’n Provinsiale Inkomsterekening gedoen moet word of waarvan die rekenings deur die Ouditeur-generaal geouditeer moet word;
- 35 “Streeksrade” die Streekontwikkelingsrade ingevolge artikel 8 ingestel;
- “verantwoordelike Lid” die Lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie belas met Beplanning en verwante aangeleenthede;
- “voorgeskrewe” deur regulasie voorgeskryf];
- 40 “Wysigingswet” die Wysigingswet op die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2004.”.

Vervanging van artikel 2 van Wet 5 van 1996

3. Artikel 2 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

Instelling en oogmerk van Provinsiale Ontwikkelingsraad

- 45 2. (1) [Hierby] Daar word ’n regs persoon vir die provinsie ingestel wat die Provinsiale Ontwikkelingsraad heet.
- (2) [Die Provinsiale Ontwikkelingsraad kan bestaan uit verskeie kamers en spesialiskomitees, soos uiteengesit in sy grondwet.] Die oogmerk van die Provinsiale Ontwikkelingsraad is om as platform vir
- 50 sosiale gesprekvoering in die provinsie te dien ten einde in die algemeen ’n benadering te bevorder wat oorwegings van volhoubare ontwikkeling, deelname aan die ekonomie en maatskaplike regverdigheid integreer met die oog op die herstel van die provinsie se historiese nalatenskap.”.

Vervanging van artikel 3 van Wet 5 van 1996

4. Artikel 3 van die Hoofwet word deur die volgende artikels vervang:

“3.(1) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad bestaan uit 32 lede wat die Premier aanstel op die volgende basis en met die oog op die Raamwerk-ooreenkoms en enige wysigings daarvan:

- (a) 8 verteenwoordigers van die regering;
- (b) 8 verteenwoordigers van die georganiseerde arbeid;
- (c) 8 verteenwoordigers van die burgerlike samelewing; en
- (d) 8 verteenwoordigers van die georganiseerde besigheid.

(2) (a) Die regeringsverteenvoerders word aangestel binne ’n raamwerk deur die Premier bepaal wat samewerkende en geïntegreerde bestuur in ag neem.

(b) Die Premier moet by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en dié ander media wat gerade geag word, benoemings aanvra vir aanstelling as verteenwoordigers by paragrawe (b), (c) en (d) van subartikel (1) beoog.

(3) Die kennisgewing by subartikel (2)(b) beoog, moet die datum spesifiseer waarteen benoemings gedoen kan word, en dié datum moet nie vroeër wees as 28 dae na die datum van publikasie van die kennisgewing nie.

(4) Benoemings by subartikel (3) beoog, moet—

- (i) die benoemer se redes vir die benoeming bevat;
- (ii) aandui watter sosiale vennoot die benoemde (indien aangestel) sal verteenwoordig;
- (iii) vergesel gaan van die benoemde se curriculum vitae en ’n verklaring deur die benoemde van sy of haar bereidheid om in die Provinsiale Ontwikkelingsraad te dien.

(5) Lede van die Provinsiale Ontwikkelingsraad word vir ’n tydperk van drie jaar aangestel maar in uitsonderlike omstandighede kan hulle vir ’n korter tydperk aangestel word.

(6) Lede van die Provinsiale Ontwikkelingsraad kan vir hul dienste vergoed word soos deur die Premier bepaal, en regstreekse uitgawes kan aan hulle terugbetaal word binne ’n raamwerk deur die Premier bepaal.

(7) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad kan ook van tyd tot tyd spesialiste, insluitende verteenwoordigers van akademiese instellings, nooi om die Provinsiale Ontwikkelingsraad te adviseer.

(8) Verteenwoordiging in die Provinsiale Ontwikkelingsraad moet die demografiese en geografiese profiel van die provinsie weerspieël.

(9) Vergaderings van die Provinsiale Ontwikkelingsraad moet toeganklik wees vir die publiek.

Voorsitter en ondervoorsitter

3A. (1) Die hoof uitvoerende beampte moet op die eerste vergadering van die Provinsiale Ontwikkelingsraad ná die aanstelling van lede ingevolge artikel 3(1) (soos gewysig deur die Wysigingswet) as voorsitter optree totdat die voorsitter en ondervoorsitter, soos beoog in subartikel (2), aangestel word.

(2) Op die eerste vergadering in subartikel (1) genoem, behartig die hoof uitvoerende beampte ’n loting deur die vier sosiale vennote om die volgorde vas te stel waarin die vennote ’n voorsitter en ondervoorsitter, wat elk vir ’n tydperk van drie maande hul amp sal beklee, moet aanstel.

Ontruiming van amp van lid

3B. (1) ’n Lid van die Provinsiale Ontwikkelingsraad hou op om sy of haar amp te beklee indien daardie lid —

- (a) sterf;
- (b) bedank;

- (c) skuldig bevind word aan 'n misdryf en gevonnissstraf sonder die keuse van 'n boete: Met dien verstande dat geen persoon geag word gevonniss te wees alvorens 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis finaal beslis is nie;
- 5 (d) afwesig was van twee agtereenvolgende vergaderings van die Provinsiale Ontwikkelingsraad sonder die verlof van die voorsitter; of
- (e) 'n werknemer van die Provinsiale Ontwikkelingsraad word.
- (2) Indien 'n vakature voorkom soos in subartikel (1) beoog, moet die Premier 'n persoon as 'n lid van die Provinsiale Ontwikkelingsraad aanstel om die betrokke vennoot vir die onverstreke gedeelte van die vorige lid se ampstermyn te verteenwoordig: Met dien verstande dat, indien die amp van 'n lid wat 'n verteenwoordiger is soos by artikel 3(1)(b), (c) of (d) beoog, vakant raak, die Premier moet voldoen aan artikel 3(2)(b); voorts met dien verstande dat indien die onverstreke gedeelte van die ampstermyn minder as ses maande is, die voorafgaande bepaling van hierdie subartikel nie van toepassing is nie."
- 10
- 15

Vervanging van artikel 4 van Wet 5 van 1996

5. Artikel 4 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

Wersaamhede en bevoegdhede van Provinsiale Ontwikkelingsraad

- 20 **4. Die Provinsiale Ontwikkelingsraad—**
- (a) moet—
- (i) hom beywer om kommunikasie, samewerking en koördinasie tussen die regering en sy sosiale vennote te verbeter om ekonomiese en maatskaplike ontwikkelingsoogmerke te bereik, en die sosiale vennote, insluitende die regering, is onder 'n verpligting om die Provinsiale Ontwikkelingsraad vir hierdie doel te gebruik;
- 25 (ii) die sluit van ooreenkomste op die basis van konsensus tussen die sosiale vennote fasiliteer;
- 30 (iii) in die algemeen daarna streef om groter effektiwiteit van die kant van die staatsorgane en die regering se sosiale vennote te verkry om die oogmerke van geïntegreerde en volhoubare ontwikkeling te bereik;
- (iv) die post-Beraadproses fasiliteer deur sektorstrategieë in wisselwerking met ander ontwikkelingsbeplanningsprosesse wat die provinsie raak, proaktief te fasiliteer; en
- 35 (v) bykomende take wat deur die Premier na hom verwys word, onderneem; en
- (b) kan —
- 40 (i) debat, oorleg en ooreenkoms oor belangrike beleidsake en wetgewing tussen die sosiale vennote en deelname van die sosiale vennote aan beleid en voorgestelde wetgewing deur die normale parlementêre prosesse fasiliteer;
- (ii) die sosiale vennote se vermoë om aan geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsprosesse deel te neem, verhoog;
- 45 (iii) opdrag gee dat toegepaste navorsing gedoen word na maatskaplike, omgewings- en ekonomiese beleidsake wat die Wes-Kaap noemenswaardig raak ten einde besprekings tussen die partye te rig en inligting tussen hulle te deel: Met dien verstande dat die navorsing nie 'n duplisering is van wat die regering reeds doen nie en die duplisering van nuttelose uitgawe vermy word;
- 50 (iv) indien deur 'n munisipaliteit daartoe versoek, help om konsensus aangaande sosioekonomiese ontwikkelingsake binne daardie munisipaliteit en tussen daardie munisipaliteit en ander munisipaliteite aangaande daardie sake te fasiliteer;
- 55

- (v) ope en deurlopende kommunikasie met staatsorgane en enige ander forums en nie-regeringsorganisasies wat by die formulering en implementering van beleid betrokke is, handhaaf; en
- 5 (vi) van tyd tot tyd tot drie spesialiskomitees, elk bestaande uit vyf lede, uit elk van die vier sosiale vennote instel om die fokusgebiede in die Raamwerkooorenkoms aangewys, te dek: Met dien verstande dat enige spesialiskomitee spesialiste, soos by artikel 3(7) beoog, kan betrek: voorts met dien verstande dat
- 10 'n spesialiskomitee op 'n konsensusbasis die prosedure vir sy vergaderings moet bepaal, maar al vier sosiale vennote moet verteenwoordig wees alvorens 'n vergadering 'n kworum het.'

Vervanging van artikel 5 van Wet 5 van 1996

6. Artikel 5 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Vergaderings en besluite van Provinsiale Ontwikkelingsraad

- 15 5. (1) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad kan vergader wanneer hy dit ook al nodig ag, maar moet minstens vier keer tussen 1 Januarie en 31 Desember in enige jaar vergader.
- 20 (2) Die kworum vir 'n vergadering van die Provinsiale Ontwikkelingsraad is 50% van die lede plus een, maar elkeen van die vier sosiale vennote moet te alle tye deur nie minder nie as vier van sy lede verteenwoordig word.
- 25 (3) Wanneer die Provinsiale Ontwikkelingsraad by die verrigting van enige werksaamheid of plig by artikel 4 beoog, 'n besluit neem, moet hy dit doen deur konsensus te probeer bereik: Met dien verstande dat indien konsensus nie bereik kan word nie, die Provinsiale Ontwikkelingsraad 'n dokument wat die verskillende menings van die lede oor die aanbevelings, advies of voorstel, na gelang van die geval, weergee, ter tafel kan lê.
- 30 (4) Indien die voorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die ondervoor-sitter as voorsitter van daardie vergadering optree, en indien die voorsitter sowel as die ondervoor-sitter van 'n vergadering afwesig is, moet die lede een uit hul geledere wat teenwoordig is, kies om as voorsitter van die vergadering op te tree.'

Vervanging van artikel 6 van Wet 5 van 1996

35 7. Artikel 6 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Bestuurskomitee van Provinsiale Ontwikkelingsraad

- 40 6. (1) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad moet vir die doeleindes van sy daaglikse funksionering 'n bestuurskomitee van vyf vanuit sy geledere aanstel: Met dien verstande dat die voorsitter van die Provinsiale Ontwikkelingsraad outomaties die voorsitter van die bestuurskomitee is; voorts met dien verstande dat die ander vier lede van die bestuurskomitee so gekies moet word dat elk van die vier sosiale vennote in artikel 3(1) genoem, minstens een verteenwoordiger in die bestuurskomitee het.
- 45 (2) Die bestuurskomitee is verantwoordbaar teenoor die Provinsiale Ontwikkelingsraad.
- (3) Die voorsitter van die bestuurskomitee besluit oor die datums, tye en plekke vir sy vergaderings, maar die komitee moet minstens een keer elke maand vergader.
- 50 (4) (a) Al vier sosiale vennote moet verteenwoordig wees voordat 'n vergadering van die bestuurskomitee kan voortgaan.
- (b) Besluite van die bestuurskomitee moet op 'n konsensusbasis geneem word.

(5) Die bestuurskomitee funksioneer binne die mandate en delegasies deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad aan hom opgedra en moet minstens die gesag insluit om—

- 5 (i) dié take, pligte en bedrywighede wat in ooreenstemming met die rol en werksaamhede van die Provinsiale Ontwikkelingsraad is en van tyd tot tyd deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad na hom verwys word, te verrig;
- 10 (ii) die administrasie van die Provinsiale Ontwikkelingsraad te beplan, te organiseer en te kontroleer en, wanneer nodig, dié toegewyde professionele en administratiewe steun te verkry wat die Provinsiale Ontwikkelingsraad in staat sal stel om sy rol te vervul en sy werksaamhede te verrig;
- 15 (iii) die agenda van die Provinsiale Ontwikkelingsraad se vergaderings op te stel; en
- (iv) die implementering van besluite van die Provinsiale Ontwikkelingsraad te monitor en te koördineer en konsensus tussen die sosiale vennote te probeer verkry aangaande kritieke korttermyn korrektiewe aanpassings en verfynings van besluite waartoe die Provinsiale Ontwikkelingsraad gekom het, onderworpe aan die vereiste van *ex post facto*-bekragtiging deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad.”.
- 20

Vervanging van artikel 7 van Wet 5 van 1996

8. Artikel 7 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

25 **“Hoof uitvoerende beampte en personeel van Provinsiale Ontwikkelingsraad**

7. (1) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad moet na ’n openlike en deursigtige adverteringsproses ’n geskikte en gepaste persoon met kennis van en ondervinding in sosioekonomiese en volhoubare ontwikkeling en die fasilitering van konsensus as sy hoof uitvoerende beampte aanstel.

30 (2) Die hoof uitvoerende beampte word aangestel en vergoed op bedinge en voorwaardes wat deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad in oorleg met die Premier en die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies in die provinsie bepaal word.

35 (3) Die hoof uitvoerende beampte is deur die bestuurskomitee aan die Provinsiale Ontwikkelingsraad verantwoordbaar.

(4) Die hoof uitvoerende beampte is verantwoordelik—

(a) vir die verlening van administratiewe en bestuursteun aan die Provinsiale Ontwikkelingsraad en die bestuurskomitee.

40 (b) vir die hou van notules van alle vergaderings van die Provinsiale Ontwikkelingsraad en die bestuurskomitee, wat hy of sy moet bywoon.

(c) vir die sirkulering van die notules, genoem in paragraaf (b), onder lede van die Provinsiale Ontwikkelingsraad nadat dit op ’n daaropvolgende vergadering goedgekeur is;

45 (d) vir die samestelling van die agendas vir vergaderings van die bestuurskomitee;

(e) vir die doeltreffende en behoorlike verrigting van pligte deur ander personeel van die Provinsiale Ontwikkelingsraad; en

50 (f) vir die monitering van en verslagdoening oor die implementering van ooreenkomste deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad gesluit.

(5) Die hoof uitvoerende beampte kan enige bevoegdheid of funksie deur hierdie Wet, die Provinsiale Ontwikkelingsraad of die bestuurskomitee aan hom of haar opgedra, skriftelik delegeer aan ’n persoon wat ingevolge subartikel (6) aangestel is.

(6) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad kan ingevolge 'n raamwerk deur die Premier bepaal, wat aanstellings en vergoeding soos kragtens die Staatsdiensdienswet, 1994 bepaal in aanmerking neem, dié ander personeel wat nodig geag word, aanstel.”.

5 Vervanging van artikel 8 van Wet 5 van 1996

9. Artikel 8 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“**Befondsing en finansiële sake**

8. (1) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad sal befonds word deur bewilligings wat deur die Provinsiale Parlement gedoen word.

(2) (a) Bo en behalwe die befondsing by subartikel (1) beoog, is die Provinsiale Ontwikkelingsraad gemagtig om koste vir dienste aan 'n munisipaliteit, provinsiale of nasionale departement of enige ander instelling op versoek van daardie munisipaliteit, departement of instelling gelever, te verhaal, maar indien daar spesiale omstandighede bestaan, kan die Provinsiale Ontwikkelingsraad dienste gratis lewer.

(b) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad kan, behoudens enige toepaslike bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en regulasies ingevolge daarvan, skenkings van enige van die sosiale vennote aanvaar.

(3) Alle aspekte van die finansiële sake van die Provinsiale Ontwikkelingsraad (insluitende die finansiële aanspreeklikheid van die hoof uitvoerende beampte) word gereël deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, en enige regulasies of voorskrifte ingevolge daarvan uitgereik.

(4) Die rekeninge van die Provinsiale Ontwikkelingsraad moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.”.

Vervanging van artikel 9 van Wet 5 van 1996

10. Artikel 9 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“**Koste-effektiwiteit van Provinsiale Ontwikkelingsraad**

9. (1) Dit is die verantwoordelikheid van die Provinsiale Ontwikkelingsraad om te verseker dat hy op 'n koste-effektiewe basis funksioneer.

(2) Vir die doeleindes om nakoming van die verantwoordelikheid by subartikel (1) beoog en die befondsing by artikel 8(1) beoog te verseker, moet die Provinsiale Ontwikkelingsraad—

(a) die Premier en die provinsiale regering op 'n jaarlikse basis van 'n strategiese plan vóór die indiening van begrotings voorsien;

(b) diensvlakkooreenkomste met die provinsiale regering sluit; en

(c) diensvlakkooreenkomste met die munisipaliteite, departemente en ander instellings in artikel 8(2) beoog, sluit.”.

Vervanging van artikel 10 van Wet 5 van 1996

11. Artikel 10 word deur die volgende artikel vervang:

“**Oorgangsmatreëls**

10. (1) Lede van die Provinsiale Ontwikkelingsraad wat hul amp beklee op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet, bly in hul amp tot die dag onmiddellik vóór die dag waarop lede ingevolge artikel 3(1), soos deur die Wysigingswet gewysig, aangestel word.

(2) Die Premier moet binne 14 dae vanaf die inwerkingtreding van die Wysigingswet die kennisgewing beoog by artikel 3(2), soos deur die Wysigingswet gewysig, publiseer.

(3) Die Premier moet binne 28 dae vanaf die datum gespesifiseer in die kennisgewing ingevolge subartikel (2) vereis, die lede van die Provinsiale Ontwikkelingsraad aanstel.

5 (4) Enige spesialiskomitee wat op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet bestaan, word op daardie datum afgeskaf.

(5) Behoudens subartikel (6) bly enige persoon wat op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet by die Provinsiale Ontwikkelingsraad in diens is, aldus in diens.

10 (6) Die Provinsiale Ontwikkelingsraad, soos herstruktuur ingevolge die Wysigingswet, moet binne 12 maande van die herstrukturering sy personeel herstruktureer met inagneming van—

(a) die behoefte aan effektiewe prestasie; en

(b) die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995).”.

15 Herroeping van artikels 11 en 12 van Wet 5 van 1996

12. Artikels 11 en 12 van die Hoofwet word herroep.

Vervanging van lang titel van Wet 5 van 1996

13. Die lang titel van die Hoofwet word deur die volgende lang titel vervang:

20 “Om voorsiening te maak vir die instelling van ’n Provinsiale Ontwikkelingsraad om as platform vir sosiale gesprekvoering in die provinsie Wes-Kaap te dien; om voorsiening te maak vir die aanstelling van lede van daardie Raad; om voorsiening te maak vir die funksionering van daardie Raad; om voorsiening te maak vir die aanstelling van ’n bestuurskomitee vir daardie Raad; om voorsiening te maak vir die
25 bevoegdhede en werksaamhede van daardie Raad; om voorsiening te maak vir die aanstelling van ’n hoof uitvoerende beampte en ander personeel van daardie Raad; om voorsiening te maak vir die befondsing en finansiële kontrole van daardie Raad; om voorsiening te maak vir oorgangsmatreëls vir daardie Raad; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.”.

30 Kort titel en inwerkingtreding

14. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2004, en tree in werking op ’n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

VERKLARENDE MEMORANDUM WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE WET OP DIE PROVINSIALE ONTWIKKELINGSRAAD

Inleiding

Die doel van die Wysigingswetsontwerp op die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad is om die verouderde Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad van 1996 (“die Hoofwet”) te wysig, om “Law” in die Engelse teks deur “Act” te vervang, om voorsiening te maak vir ’n nuwe vorm van samestelling van die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR), om die werksaamhede van die Raad te heromskryf, om voorsiening te maak vir die aanstelling en verantwoordelikhede van ’n bestuurskomitee om die POR te dien, om voorsiening te maak vir die aanstelling van ’n hoof uitvoerende beampte van die POR, om die POR in ooreenstemming te bring met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, om bepalings te herroep wat die Raad verplig om ’n grondwet te hê, en om die Raamwerk-ooreenkoms oor Groei en Ontwikkeling in die Wes-Kaap wat by die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsberaad van 2003 onderteken is, te weerspieël. Die Wetsontwerp maak voorsiening daarvoor dat die POR die provinsiale platform vir sosiale gesprekvoering tussen die vier sosiale vennote moet wees, d.w.s. die regering, die georganiseerde arbeid, georganiseerde besigheid en burgerlike gemeenskap, en maak voorsiening vir verwante aangeleenthede.

Klousule Een

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van die woord “Law” in die Engelse teks deur die woord “Act”.

Klousule Twee

Hierdie klousule maak voorsiening vir ’n wysiging in artikel 1 van die Hoofwet ten einde die oorbodige omskrywings te skrap en sekere nuwe omskrywings in te sluit.

Klousule Drie

Hierdie klousule wysig artikel 2 van die Hoofwet ten opsigte van die instelling en oogmerke van die Provinsiale Ontwikkelingsraad. Dit is “om as platform vir sosiale gesprekvoering in die provinsie te dien ten einde in die algemeen ’n benadering te bevorder wat oorwegings van volhoubare ontwikkeling, deelname aan die ekonomie en maatskaplike regverdigheid integreer met die oog op die herstel van die provinsie se historiese nalatenskap.”.

Klousule Vier

Hierdie klousule vervang die ou artikel 3 in die Hoofwet deur ’n nuwe klousule en voeg twee nuwe artikels in, d.i. 3A en 3B. Die nuwe artikel 3 handel oor die samestelling van die Provinsiale Ontwikkelingsraad (nou 32 lede), die proses wat gevolg moet word vir die aanstelling van lede, die demografiese en geografiese verteenwoordiging in die Raad, die vergoeding van lede en die vereiste dat vergaderings oop moet wees vir die publiek. Die nuwe artikel 3A maak voorsiening vir die aanstelling van ’n voorsitter en ondervoorsitter op ’n rotasiebasis.

Die nuwe artikel 3B maak voorsiening vir lede se ontruiming van hul amp en die vulling van vakatures.

Klousule Vyf

Hierdie klousule vervang klousule 4 van die Hoofwet deur ’n heel nuwe artikel 4. Dit handel oor bevoegdhede en werksaamhede wat die POR moet of kan uitoefen en verrig. Deur ’n platform vir sosiale gesprekvoering te voorsien, moet die POR daarna streef om kommunikasie en koördinasie tussen die regering en sy sosiale vennote te verbeter ten einde ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te verwezenlik, asook konsensus tussen die sosiale vennote fasiliteer en help om dit te probeer doen. Die POR kan ook munisipaliteite help om konsensus op hierdie gebiede te bereik. Die POR kan tot drie spesialiskomitees instel.

Klousule Ses

Hierdie klousule vervang artikel 5 van die Hoofwet deur 'n heel nuwe artikel. Dit maak voorsiening vir die prosedures en prosesse vir vergaderings van, en die neem van besluite deur, die POR.

Klousule Sewe

Hierdie klousule vervang artikel 6 van die Hoofwet deur 'n heel nuwe artikel. Dit maak voorsiening vir die instelling en die funksionering van 'n bestuurskomitee van die POR om behulpsaam te wees met die daaglikse bestuur van die POR.

Klousule Agt

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n nuwe artikel 7 van die Hoofwet. Dit skryf voor hoe die hoof uitvoerende beampte en personeel van die POR aangestel moet word en wat hul verantwoordelikhede is.

Klousule Nege

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n nuwe klousule 8 van die Hoofwet. Dit maak voorsiening vir die befondsing en gepaard gaande finansiële sake van die POR en bring dit in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.

Klousule Tien

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n heel nuwe artikel 9 van die Hoofwet. Dit skryf 'n vereiste van "koste-effektiwiteit van die POR" voor. Onder meer vereis hierdie nuwe artikel dat die POR die Premier en die provinsiale regering op 'n jaarlikse basis van 'n strategiese plan moet voorsien vóór die voorlegging van begrotings, en dat diensvlak-ooreenkomste met die provinsiale regering, munisipaliteite en ander instellings in klousule nege beoog, gesluit moet word.

Klousule Elf

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n nuwe artikel 10 in die Hoofwet. Dit maak voorsiening vir sekere institusionele oorgangsake wat die verordening beoog deur die Wetsontwerp nodig maak.

Klousule Twaalf

Hierdie klousule maak voorsiening vir die herroeping van artikels 11 en 12 van die Hoofwet wat omrede van die huidige wysiging oorbodig geword het.

Klousule Dertien

Hierdie klousule vervang die ou lang titel van die Hoofwet deur 'n nuwe met die oog op die wysigings wat hierbo gelys word.

Klousule Veertien

Hierdie klousule bepaal die kort titel en inwerkingtreeding van die Wet. Vir hierdie doel is die kort titel die Wysigingswet op die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2004. Dit sal in werking tree op 'n datum wat deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal word.